

Dinsdag 6 September

Skrifgedeelte: Matteus 24:29-35

Fokusgedeelte: Matteus 24:35

Lewe deur geloof

Die eerste tekens dat die koue winter verby is en dat lente aan die kom is, is die perskebome in ons tuin wat vol bloeisels staan. Alhoewel daar nog 'n laat koue kan kom en die jong vruggies aan die bome seermaak, weet almal van ons verseker dat die dae langer word en dat die somer een van die dae hier is!

Jesus Christus gebruik die gelykenis van die vyeboom om sy dissipels se vraag oor 'n teken vir sy wederkoms en die einde van hierdie wêreld te beantwoord. Hulle sit op die Olyfberg en Jesus praat met sy dissipels oor sy wederkoms. Die meeste tuine in Israel het vyebome gehad. Vyebome is vir hulle vrugte en koelte geplant. Net soos ons vandag perskebome dophou om te weet wanneer die lente aanbreek, het die inwoners van Palestina hulle vyebome dopgehou om te weet wanneer die somer sou begin.

Jesus Christus vergelyk die tekens van 'n vyeboom wat begin bot voor die somer met die tekens wat sy wederkoms sal voorafgaan. Die belangrike ooreenkoms in die vergelyking is nie die presiese tyd wanneer die vyeboom begin bot nie, maar die sekerheid dat wanneer die vyeboom bot, die somer naby is. Daar is twee maniere hoe mense hierdie gedeelte verstaan. Sommige sê dat hierdie profesie van Jesus Christus al gebeur het toe Jerusalem in 70 nC deur die Romeine verwoes is. Ander verstaan dit as dinge wat nog moet gebeur.

Die groot probleem is hoe ons vers 34 verstaan: "Dit verseker Ek julle: Nog in die leeftyd van hierdie geslag sal dit alles gebeur." "Hierdie geslag" kan na 'n sekere generasie van mense verwys, soos byvoorbeeld die Baby Boomers of die Y-generasie. Maar dit kan ook na mense met dieselfde eienskappe verwys, soos na mense wat almal deel van 'n sondige geslag is. Vir hierdie geslag mense, waarvan ons almal deel is, gee Jesus Christus die versekering dat Hy weer sál kom "met groot krag en majesteit" (Matt. 24:30).

Jesus Christus leer sy dissipels oor sy wederkoms net voordat Hy gekruisig is. Soos Hy, moet ons gereed wees om op die aarde swaar te kry. Maar ons moet die ewige Woord van God, sy boodskap van verlossing, bly verkondig. Lewe daarom deur geloof en weet verseker dat Hy weer kom.

Sing: Psalm 48-1:1, 4

Dr. J Lion-Cachet (Jan) (Klerksdorp)